VAN onskatbaar waarde vir die Adventbeweging is die *Review and Herald*. Deur al die jare het sy raadgeulings en vermanings, sy waarskuwings en berispinge die verspreide gelowiges gelei deur die verskillende wisselvallighede waardeur hulle gegaan het. Sy berigte van wonderre van genade—in die vaderland en in die vreemde—het blydschap gebring vir die getroue, selfopofferende groep gelowiges. Dit was vir hulle 'n nuwe aansporing tot hul liefdearbeid.

Sy oorsig van die voorsienigheid van die Here het die vertrou van die wat swak in geloof was, help versterk, en in meer as een ervaring het dit die amper onweersaanbaar neiging tot moedeloosheid verdryf. Sels die wat sterk in geloof is, wat sonder afwyking aan die taak vasgehou het, het dit beskou as 'n sterk toring en daarin op die regte tyd 'n besonder hulp gevind. Dit het die harte van die gelowiges oral in harmonie laat klop met die gees van die advent beweging, en ons weet van geen inrigting wat die gelowiges wat hierdie groot en tog so ver uiteenverspreide liggaam van die Adventiste uitmaak, meer daadwerklik saambind nie.

Getrou het dit uit die Heilige Skrif en uit die profesie getuig van die lesse uit die verlede, en vir sy lesers altyd daardie ernstige vermaning voorgedra: "En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die Here jou God jou gelei het." Deut. 8:2, en "Ons hoef nie bang vir die toekoms te wees nie, behalwe waar ons sal vergeet waarlangs die Here ons gelei het en Sy lesse in ons verlede."—*Life Sketches*, bld. 196. Hierdie oorsig van die verlede was van onberekenbaar waarde om nie-

teenstaande amper universele ontrouheid, sy toenemende verspreide lesers op die ou paaie te hou.

Net so getrou wys dit te midde van die toenemende duisternis die pad wat die groep Adventiste moet volg. Aldeur 'n raadgever vir die bediening, 'n herder vir die kudde, 'n gids vir die eiesinniges het die *Review and Herald* ons beginselgetrou verder gelei.

Geen wonder dat die diensmaag van die Here haar gedronge gevoel het om te skryf: "Die *Review* is 'n waardevolle blad . . . en behoort in elke familie van gelowiges 'n plek te hê." Die *Review and Herald* beteken vandag vir ons meer as toe hierdie vermaning gegee is. Dit gaan nog meer beteken namate die duisternis om ons gaan toeneem en die gemeente van die oorblyfsel van die Here meer bepaaldelik in die tonele van die sluitingsgeskiedenis van die aarde sal verwickel wees.

Mag hierdie uitstekende kerkblad gedurende die komende jaar sy pad vind in elke Sewende-dag Adventistiese huisgesin. Ons kannie met veiligheid sonder die blad die toekoms tegemoet gaan nie.



Kaart en Kompas

F. E. POTTER

'n SKIP het op Afrika se met wrakke besaaid kus in moeite gekom. Een aand het dit net soos baie ander aande sy pad deur die duisternis geboor en die slag net voor dagbreek het daar 'n digte sluier van mis geval wat die skerpste gesig getrotseer het. Eer 'n paar uur verder was, het die skerp rotse van die kuslyn opnuut

Intekeningvorm vir die "Review and Herald"

Datum

Religious Book Depository,

.....

.....

Bygaande dertien sjielings (13/-) waarvir u die *Review, Life and Health, Liberty, en Present Truth* elk 'n jaar lank geliewe te stuur aan:

.....

.....

Vir die *Review* alleen, stuur elf sjielings (11/-).

'n slagoffer opgeëis—net maar 'n uur se vaart van die veilige hawe.

By die ondersoek het uitgekom dat die kaptein en sy offisiere gemeen het dat die posisie van die skip so veilig was dat hulle versuim het om die dieplood uit te gooi en die kaart te raadpleeg.

Geliefde leser, hoe staan dit met ons? Die nag het hierdie ou wêreld oorval en ons loopbaan is vol groot gevare. Vir die verdere van ons reis is daar net gevaarlike banke en rotse. Ons mag meen dat ons loopbaan veilig is en ons elke duim van die pad ken. Ons mag reken om veilig die hawe te bereik. Maar net voor dagbreek kom "ntyd van benoudheid soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie." Daar gaan toestande ontstaan wat die veiligheid selfs van die uitverkorenes in gevaar sal bring. Ons sal behoefte hê aan al die raad en leiding wat ons kan kry. Dit sal nie veilig wees om op ons eie seevaartkunde te vertrou nie.

Nou die ou *Review and Herald* is 'n goeie kaart en kompas vir die gemeente van die oorblyfsel om by te seil. Baie lang jare het dit nou al 'n verstandige oorsig gegee van die toestande wat voorlê, en met juistheid die onvoorsiene gevare van die pad aangekondig.

Soos matrose op die moeitevol seeë van die lewe laat ons ons voordeel doen met die verstandige raad en bekwaam leiding wat die *Review and Herald* verskaf.

TEKEN NOU IN



Die Intekengeld vir die "Review and Herald"

DIT kos die lesers van die *Review* minder as 1/- per maand om al weke die besoek van hierdie onskatbaar kerkblad van ons Genootskap te geniet. Feitlik kos dit net 2½d per week. Teen hierdie prys kan tag seker elke Sewende-dag Adventistiese gesin dit bekostig om hierdie blad te kry. Dit sou mens op die hoogte van die wêreldwye vooruitgang van die "ewige evangelie" en bring ons elke week boodskappe van troos en onderrig in die Christelike lewe.

Oor die hele wêreld word vandag die aandag van ons mense gevestig op die waarde van die *Review and Herald*. Ou intekenaars word daaraan herinner om hul intekening te vernuut, en die wat hierdie blad nie kry nie, word dringend genooi om daarop in te teken.

Vul tog hierdie intekeningvorm op vorige bladsy in en stuur dit vandag nog deur die gewone kanale in, sodat u naam onder die *Review*-familie mag opgeneem word. Die prys is 11/- per jaar. Dankie.

J. G. SLATE.



"My tye is in U hand,

Red my uit die hand van my vyande en van my vervolgers.

Laat U aangesig skyn oor U kneg, Verlos my deur U goedertierenheid."

Ps. 31:16, 17.

Kolporteurs-Instituut in die Zambesi Unie

F. E. POTTER

DAAR ek nou net terug is van 'n besoek aan die Zambesi Unie in belang van die groot bediening van leesstof, wens ek vir die lesers van die *OUTLOOK* 'n paar opmerkings te maak oor die werk van die kolporteur-evangelis in daardie part van die Suidelike Afrikaanse Divisie.

Ons kan nog nie ons leesstof in Noord-Rhodesië versprei nie; maar die broeders is vol moed dat hulle eerland die toestemming van die goewerment daartoe sal kry.

In Suid-Rhodesië het die sendingsektaris van die unieveld sy gebied goed in twaalf parte verdeel, en die meeste daarvan word die hele jaar deur deur naturel-kolporteurs bewerk. Toe ek op Soloesiastasië was, ontmoet ek een van daardie manne wat net van sy gebied ingekom het. Hy het 'n treurige ou fiets gery met bande wat beter dae gesien het. Hy het gekom van die Lonely myn,—'n klein goudmyn, ongeveer tagtig myl ver weg. Hy vertel ons toe hoe sleg sake daar staan. Die langdurige droogte het alles wat groen lyk, doodgemaak. Dit was onmoontlik om onder daardie omstandighede iets te plant. Kos was skaars. Sy eie huisgesin het net twee sak mielies oor—ongeveer genoeg vir nog twee maande. Ons vra hom hoe dit met hom gaan. Was hy goedsmoeds? Sy glimlag alleen was voldoende, selfs sonder die versekering dat hy aangaan en alles aan sy hemelse Vader oorlaet. Is dit nie opmerklik nie, hoe ons dieselfde gees deur heel die bediening kry, of mens nou praat met die Europeaan, die kleurling of die naturel, al ons kolporteurs wys dieselfde moedige, voorwaartse gees van die apostel Paulus.

Met die lang droogte en die sprinkane lyk arm, ou Rhodesië maar naar. Oral hoor ons van ellende. Die ou man "Swaar Tye" loop hier nog vry rond. En tog val die gedrukte blaaie oor die lengte en breedte van Rhodesië en die manne van die groot bediening van die leesstof hou moedig en geduldig aan met hul werk. In die reserwes, op die eensame veeplase, by die verspreide handelswinkels, op die nietige goudmyne en in die strate van die dorpe is hulle besig om "die woorde van die lewe" aan iedereen te verkondig. Dis hul werk om die gedrukte blad te versprei en hulle maak daarby gebruik van al moontlike middele. Mens kry hulle op fietse in al die stadiums van verval, maar tog slaag hulle daarin om aan te gaan. Party ry op 'n ou donkie en ondanks die stadige maniere van daardie dier gaan hulle aan. Die meeste egter gaan te voet, en dis verwonderlik hoe groot die gebied is wat hulle deurgaen.

Broeder Marter het 'n instituut vir studentekolporteurs op Soloesiastasië gehou en ek het die voorreg gehad om hom daarmee te help. Dit was baie aangenaam en verkwikkend om te sien hoe begerig hierdie naturelle jongmense was om te leer hoe

om ons leesstof te verkoop. Een Sondag het hulle urelank sit luister na die onderlig wat hulle gegee is. Hul belangstelling het geblyk uit die aantal verstandige vrae wat hulle gevra het. Die manier waarop hulle deelgeneem het aan die demonstrasiewerk, het Broeder Marter en my verbly.

Aan die end van die instituut het ons 'n getuienisdienst gehou en elkeen van die nege studente wat hierdie somer uitgaan om leesstof te verkoop, het sy getuienis gegee. Ons het nie plek vir meer as een getuienis nie, maar die gees van daardie een is 'n maatstaf vir die ander. Die naturel se naam was Satisfied. Hy kom van Kanye in Brits Betsjoeanaland. Sy pa het hom Soloesi toe gestuur onder die indruk dat dit net 'n industriële skool was. Satisfied wou 'n goeie ambag leer en was 'n bietjie ontevree toe hy ontdek dat Soloesi nie die plek was wat hy gedink het nie. "Maar," sê hy, ek het iets beters gekry as wat ek verwag het om te kry en dis 'n Christelike Opvoeding en nou is ek baie bly vir die geleentheid om na my mense terug te gaan met boeke om hulle ook te help verstaan omtrent my Heiland en Sy spoedige wederkoms." Meer as ooit is hy nou tevree, maar hy sal eers volkome tevree wees as hy "die ou, ou geskiedenis" vertel aan sy mense wat in ou Betsjoeanaland in die duisternis sit.

Geliefde lesers, die bediening van die leesstof gaan dus aan in die Zambesi Unie. Daar is plek vir verbetering en ons broeders daar is algar manne wat die groot waarde van hierdie bediening deëlik besef en dus hul uiterste bes doen om dit op elke manier aan te moedig. Ons versoek is dat u saam met hulle en ons sal bid dat die Here die pad wil oopmaak vir groter dinge met die gedrukte blad in hierdie uitgestrekte veld van die noorde.



Enkeldoorn Nuis

HERMANN FICKER

'N Paar maande gelede het een van die gemeentelede van Salisbury werk gekry in die Paddepartement, maar is toe na die afdeling Enkeldoorn verplaas. In sy vrye tyd het hierdie geliefde broeder na die plase in die nabyheid van sy kamp uitgery en traktate uitgegee. Al gou het die mense na ons waarheid begin vra, maar die meeste boere praat net Afrikaans; dus was ons broeder in die verleentheid, want hy kon nie ons boodskap in die taal van die mense uitlê nie. Hy het toe na sy kerk geskryf om uit te vind of hulle nie 'n werker wat Afrikaans ken, kon uitstuur nie. As gevolg daarvan het ek van Oemtali gekom om te sien wat gedaan kon word.

Ongelukkig is Broeder McCullough weer verplaas, sodat hy nie die vrug van die belangstelling wat hy opgewek het, gesien het nie. Verskeie mense het alreeds 'n bepaalde standpunt ingeneem en anders is besig met hierdie Bybelwaarhede te ondersoek. Netnou hoop ons die dorpie Enkeldoorn self binne te gaan, maar toe

ek verlede week die plek besoek het, het ek uitgevind dat die vooroordeel baie bitter was. Al drie die Hollandse kerke het hul gemeentelede gewaarsku om tog niks met hierdie nuwe "beweging" te doene te hê nie. Dit het kliphard gegaan om 'n tuisplek te vind, laat staan nog 'n plek om in te preek. Ons sal dus veelal van huis tot huis moet werk.

Een nuwe broeder het baie treffende antwoorde op gebed gehad. Jare gelede was hy 'n taamlik vorentoe boer in die Vrystaat. Maar hy het al sy geld verloor en het toe Rhodesië-toe gekom en bestuur nou 'n plaas vir 'n Jood. 'n Paar dae na hy sy standpunt ingeneem het, het tien van sy grootste osse weggeleed. Waar hy sy kaffers ook gestuur het, die osse kon nie gevind word nie. Hy het gewet dat as die beste nie sou regkom nie, die Jood hom sou laat betaal, en 'geld het hy nie gehad nie. Hy besluit toe om al sy moeite voor die Here te bring en die Here te vra om hom te wys waar tog die osse was. Vroeg die volgende more het hierdie broeder na my toegekam en gesê dat hy benuud was om te weet of die Here ons gehoor het. Hy het nog met my staan praat, toe 'n kaffer 'n briefie van 'n veraf plaas gebring het. Tien osse het daar aangekom en hulle het gelyk soos die van hierdie plaas. So sorg die Here vir Sy kindere.

Sodra hierdie man gehoor het omtrent die betaal van tiendes, het hy besluit om die Here te gee wat Hom toekom. En ons weet watter bepaalde beloftes die Here gee aan die wat getroue rentmeesters is. "Ek sal ook die sprinkaan van julle afweer," sê Maleagi 3:11. Hierdie broeder het amper 'n honderd akkers groen graan wat net in die aar kom. En verlede week roep die kaffers hul baas om te kom kyk na daardie dreigende grys wolke. Die sprinkane was aan kom, by die miljoene. Wat maak 'n paar hande teen daardie miljoene opvreters? En toe val die groot swerm plotseling midde in 'n groot groene land en ons broeder loop tussen al daardie kruipende sprinkane en sy hart het in sy skoene gesink. Maar plotseling het hy aan die belofte van die Here gedink, al sy helpers geroep en huistoe gegaan. Hier was nou die toets om te sien of daardie Adventiste werklik in hul God glo, Menslike hulp sou nie baat nie, alleen die magtige engele van die Here kon daardie graan beskerm. Die volgende more om tien uur het hierdie man oor sy lande geloop; hy het vir my vertel dat hy seker was dat al die graan nog daar sou wees. Toe hy by sy lande kom, het die swerm weggetrek en toe hy na sy lande kyk, het sy hart opgespring van blydschap en dankbaarheid jens die Here, want nouliks 'n blad was aangeraak. Later het hy gehoor van verskeie boere in die omtrek wat elke groene blad graan verloor het. Ons wat tiende betaal, kan waarlik staatmaak op die seën van die Here. Dis nou 'n nog ongedoopte broeder wat die Here op Sy woord aanneem. Is daar altemit nie oueres in die geloof wat hulself van 'n waar seën beroof

deurdat hulle nie die Here gee wat Hom toekom nie?

Party sal altemit nog onthou hoe ons verlede jaar in Salisbury 'n lang gesprek met 'n ouderling van die Hollandse gemeente in hierdie afdeling gehad het. Verlede Sabbat het hy hierdie broeder kom vra of hy nou werklik besluit het om by die "Sabbatariërs" aan te sluit. Hy was 'n bietjie skaam om my weer te sien, maar hy het gehou of hy my gladnie geken het nie. Hy het begin praat oor die Twee Verbonde en omdat hy nie die tekste kon vind nie, het ons hom die gegee. Dit was 'n groot saak om die heerlike getuienis van hierdie broeder en sy vrou te hoor soos hulle die ouderling geantwoord het omtrent hierdie beweging wat hulle klaarstaan om te omhels. Dis nou die tweede keer dat hierdie predikant ons getuienis gehoor het. Sal u, broeders en susters, u nie met ons verenig nie om ons hemelse Vader te vra om hom ook tot die ware lig te bring?

Selfs onder Europeane lyk dit of die geleedere vinnig sluit. Baie kannie in die veginie wees nie, maar ons wil in al ootmoed vra dat algar ons wil help met daeliks vir ons te bid.

En broeders, mag ek dan nog 'n guns vra. Volgens briewe wat ek ontvang, kry baie van ons jong werkers dit swaar. Die vyand van siele probeer hulle te ontmoedig op 'n kragtige manier en hulle het pas begin om siele te win. Hulle het behoefte aan ons verenigde gebed, want dis by die begin van hul werk dat die duivel hulle probeer te hinder. Laat ons veral vir die werkers bid en ons eie siele sal daardeur verwarm word.

S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson *President*
J. E. Symons *Sekr.-Tes.*
Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

Vergaderings op Spioenkop

N. C. WILSON

Die jaarlikse gebedsweek en kolporteurs-instituut is gelyktydig van 12-20 September te Spioenkop gehou. Broeder L. A. Vixie en skrywer, ondersteun deur Broeder R. E. Ansley en sy mede-arbeiders van die Opleidingskool het die verskillende dienste wat elke dag gehou is, gelei. Dit was baie aanmoedigend om te sien hoe amper die hele trop studente met 'n gees van erns en ondersoek besiel is. Die gevolg van hierdie spesiale dienste was 'n dieper geestelike lewe en 'n groter belangstelling in geestelike dinge. Daar is bepaalde oorwinnings behaal en algar het besluit om hul getrouheid aan die Here en aan die uitstaande beginsels van die adventboodskap te verneut.

As gevolg van die kolporteursinstituut is daar 'n groep van tien wakker en opgewekte studente uitgekies om gedurende die somermaande in die bediening van die leesstof besig te wees. Hierdie studente-kolporteurs het besonder onderdierig en verstandige raad ontvang, en ons vertrou dat hulle onder die seën van die Here wat seker is, 'n aantal beurse sal verdien. In die Sendingdepartement is daar tien gereelde kolporteurs en met hulp van die studente van Spioenkop behoort daar heel wat leesstof versprei te word en heel wat gedaan te word om gedurende die komende paar maande die werk van die Here te bevorder.

In die konferensie is daar nou twintig vaste kolporteurs gereed besig. Amper twintig studente van Helderberg Kollege word verweg om gedurende die somermaande in die bediening van die leesstof besig te wees. Ons verweg met vertroue 'n groot en magtige werk vir die Here as gevolg van die vereende pogings van hierdie veertig ernstige en toegewyde werkers in die verspreiding van ons waarheidsbevattende leesstof.

Ons dank die Here vurig vir hierdie sestig toegewyde en selfopofferende leesstofwerkers in die konferensie en in die sendingveld waar hulle gedurende die somermaande hart en hand saamstaan met ons predikers en ander werkers oor heel Suid-Afrika om die oorryp oes in te samel. Waarlik daar is "n geruis van voetstappe in die toppe van die balsembosse" en ons vertrou dat al die werkers wat ook hul werk mag wees, hul uiterste bes sal doen om die beste gebruik van die teenswoordige gulde geleentheid te maak, voordat die naderende storm losbars en baie van die kosbaar oes verlore gaan.

Ons vra ernstig dat die kindere van die Here in hul gebede aan Broeder Vixie en die groot klomp getroue werkers wat by hom staan in die bediening van die leesstof, sal gedink. Hulle doen 'n edele werk; die ewigheid alleen sal die uitgebreidheid en die waarde daarvan volkome openbaar.



"Die Here sal Sy volk sterkte gee, die Here sal Sy volk seën met vrede." Ps. 29:11.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the General Conference of Seventh-day Adventists (Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. FLOYD TARR *Editor*
J. I. ROBISON *Assist. Editor*
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright *President.*
A. E. Nelson *Treas. and Auditor*
A. F. Tarr *Secy. and S. S. Secy.*
A. N. Tonge *Medical Secy.*
M. P. Robison *Ed. and M. V. Secy.*
F. E. Potter *H. M. and Field Miss. Secy.*
J. I. Robison *Religious Liberty Secy.*

Obituaries

GIBSON.—Delmer E. Gibson passed away at the Penticton hospital, Penticton, British Columbia, Canada, on July 22, 1933, at the age of thirty-one years and ten months. The cause of his death was bilharzia contracted while on a mission station in Rhodesia, in his youth, and which was supposed to have been cured before leaving Africa. He was taken ill a few weeks before he died, and rapidly growing worse, he was taken to the hospital, where all that could be done for him was done, by kind friends and doctors. During his stay at the hospital he suffered severe pain for several days and passed peacefully away in the presence of his parents and other members of the family, praising his Saviour for His love and acceptance. He was conscious until about twenty minutes before he breathed his last.

The funeral services were held in the Penticton Seventh-day Adventist church, of which all the family were members. The services were conducted by Pastor H. A. Lukens, president of the British Columbia Conference. The church was filled with mourning loved ones and friends.

Delmer will be remembered by many in South Africa, especially by those who were associated with him as a student at the old Spion Kop Training School. He was loved and respected for his kind disposition by all who knew him, and will be sadly missed. He was laid to rest in the hillside cemetery overlooking Penticton and the beautiful lake Okanagan, there to await the call of the Life-giver.

W. C. WALSTON.

JEFFREY.—Frank Jeffrey, aged sixty-two years, passed away peacefully at his home in Mafeking, on September 14.

Brother Jeffrey, who was a pensioner from the South African Railways, accepted this truth under the labours of Elder A. N. Ingle in April 1933 and was baptised on August 26. Brother Jeffrey had a real and a new experience in the things of the Lord. The last testimony which our brother gave in the Friday evening service was, "I know that Jesus is my personal Saviour." Our brother preached this truth to everyone he met and always regretted that the truth had not come to him earlier in his life.

As the sun was setting in the west and the Sabbath was drawing on, we laid him to rest in the local cemetery with the blessed assurance that he will awake to the call of the Life-giver at the first resurrection.

There are left to mourn his wife and two children; to these we extend our sincerest sympathy.

Words of comfort were spoken at the graveside by the writer in the presence of a large gathering of friends and relatives.

J. VAN DE MERWE.

PETERS.—Sister Bertha Peters was born at Muden, Natal, on February 9, 1875 and died at her home on September 8, 1933, at Bloedrivier, Natal. Brother

A SHIP came to grief on Africa's wreck-strewn coast. It had been driving its way one night through the darkness just as it had done many a time before. This time—just when dawn should have been breaking—there swept down a pall of mist that defied penetration by the clearest of vision. Before many hours had passed the jagged rocks of the coastline had claimed yet another poor victim—only an hour's run from port.

At the inquiry it was found that the captain and officers had thought the ship's position to be so safe that they had neglected taking soundings and making reference to the chart.

Dear reader, how is it with us? Night has overtaken this old world and our course is beset with great dangers. All along the remainder of our voyage are treacherous shoals and rocks. We may feel that our course is a safe one—that

we know every fathom of the way. We may consider we are capable of reaching the harbour safely. But, just before the dawn, there will come "a time of trouble such as never was since there was a nation." Conditions will arise that will endanger the safety of the very elect. We shall need all the counsel and guidance we can get. It will not be safe to depend on our own seamanship.

Now the good old *Review and Herald* is a fine chart and compass by which the remnant church may navigate. For many long years it has intelligently reviewed the conditions ahead and heralded with precision the unforeseen dangers of the way.

As mariners on life's troubled seas, let us take advantage of the wise counsel and efficient guidance provided by the *Review and Herald*.

SUBSCRIBE NOW

"Review and Herald" Subscription Form

Date

Religious Book Depository,

Enclosed find thirteen shillings (13/-) for which please send the *Review, Life and Health, Liberty, and Present Truth* each for one year to:

For *Review* only, remit eleven shillings (11/-).

Peters died last year on October 14. There are seven children to mourn their loss.

Brother and Sister Peters accepted the truth after coming in contact with "Beissner's Institute" at Sweetwaters, Natal. They were baptised at Hlobane in 1924 and have since been faithful to the message. They have exerted a good influence around Bloedrivier. Although they rest from their labours their works do follow them. Most of the children have accepted the truth and sorrow not as others who have no hope. We extend our deep-felt sympathy to them in their bereavement.

Words of comfort were spoken by the writer at the home and at the cemetery at Scheepers Nek where both father and mother are now laid to rest.

J. J. BIRKENSTOCK.

"WHAT human power can do, divine power is not summoned to do. God does not dispense with man's aid. He strengthens him, co-operating with him as he uses the powers and capabilities given him."

The "Review and Herald" Subscription Price

It costs readers of the *Review* less than 1/- a month to enjoy the weekly visits of this priceless denominational church paper. The actual cost per week is 2½d. At this price surely every Seventh-day Adventist home can afford to have this paper. It keeps one informed as to the world-wide progress of the "everlasting gospel," and brings to us each week messages of comfort and instruction in Christian living.

At this time the attention of our people all over the world is being directed to the value of the *Review and Herald*. Old subscribers are reminded to renew their subscriptions, and those not receiving this paper are urged to subscribe.

Fill in the subscription blank on this page and send it in today through the regular channels, that your name may be added to the *Review* family. The price is 11/- per year.

J. G. SLATE.

"Review and Herald" cheers and comforts